

Maandag

Joh. 1: 14, 29 – 34; Joh. 2:1-11, Joh. 20:30,31. Teks. Joh. 1: 14 en

33. Tema: "Christus laat ons in God se oorfloedige liefde deel en beëindig so alle selfreinigende liefde en –rituele vir God." Kerstyd is die feestelike herdenking van God se oorfloedige liefde vir ons in en deur Christus. Christus gee die oorfloedige liefde van God en beëindig alle selfreinigende liefde vir God. Die Here maak van die bruilofsfees van Kana se oorfloed van wyn en feestelike samesyn 'n teken van die oorfloed van die liefde wat Hy bring vir 'n feestelike samesyn met God. Christus wat God is wat onder ons kom woon het, reinig ons vór God se oorfloedige liefde. Deur sý reiniging skaf die Here alle selfreiniging af: geestelike oefeninge en seremonies waarmee mense hulle self vir God se liefde reg maak. Christus se verlossing is volkome verlossing omdat dit ons insluit in God se volmaakte liefde vir ons. Dit is wat ons met die oorfloed met Kersfees vier. Die aankondiging dat die Woord mens geword het, (Joh. 1:14) word deur die apostel nou verbind aan Jesus se doop en die bruilofsfees in Kana. Wat die Here in Kana doen is 'n openbaring van die betekenis van die Here se geboorte, sy doop en dood: God wat mens word en onder ons kom woon. Wat gebeur by die bruilof in Kana? Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig. Baie van ons besluite om liefde openlik bekend te maak, neem ons met beplande feestelike geleentheid. Byvoorbeeld, wanneer ons 'n geliefde vra om verloof te raak of te trou, doen ons dit baie keer juis in 'n restaurant. Die restaurant se ete, se versiering, se musiek en se beligting is die plek en tyd vir die oomblik om jou liefde openbaar te maak. Dit is presies wat gebeur met die Here se eerste wonderwerk tydens die bruilofsfees in die dorpie Kana. Die plek, tyd en geleentheid is die bruilofsfees van 'n troupaartjie, maar die Here maak dit die oomblik van die bekendstelling van die betekenis van sy geboorte, sy doop en dood – die gee en ontvang van God se volmaakte liefde. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Joh. 1: 14, 29 – 34; Joh. 2:1-11, Joh. 20:30,31. Teks. Joh. 1: 14 en 33. Tema:

"Christus laat ons in God se oorfloedige liefde deel en beëindig so alle selfgereinigende liefde en –rituele vir God." Die wyn op die bruilof wat nog vir dae moes aanhou, raak op. Dit skep 'n regs krisis, nie 'n probleem met geselligheid nie. Wynloosheid is 'n teken gewees dat die bruidegom nie vir sy bruid kan sorg nie en dat hy bedrieglik is: hy beloof liefde en sou sorg in oorfloed, maar sy liefde gaan net gebrek en ontbering bring. Die pa kon sy dogter keer om met die man te trou. Wat gebeur? In kort, die Here verander water in wyn sodat die bruilofsfees, en daarmee die troue, kan voort gaan as feesviering van liefde. Hierdie water in die klipkanne was seremoniële water, nie net gewone drinkwater of vir higiëne nie. Dit was bedoel vir godsdienstige seremoniële wassing om te wys dat jy jouself van jou sonde gereinig het om deel van God se liefde kan wees en Hom regtig reg te kan lief hê. Daarom was die water ook nie sommer net in erdekruike soos dit met drinkwater gebruiklik was nie, maar water in spesiale klipkanne vir die reinigingseremonie. Markus verduidelik hierdie Joodse geestelikheid in Mark. 7: 1-4. Die Here verander die reinigingswater in die klipkanne na wyn as teken dat Hý met sý doop en dood mense reinig om in God se volmaakte liefde te deel, en daarmee stop die Here alle selfreinigingsoefeninge en reinigingsrituele van mense. Hulle kon nie hulleself met wyn was en seremonieel met wyn reinig nie. Hy verander hulle reinigingswater in wyn. Wyn in oorfloed. Die beste wyn. Die wegneem van alle UITERLIKE reinigingswater beteken die Here maak 'n einde aan alle INNERLIKE

selfreinigingsoefeninge om God se liefde te kan ontvang en daarin te kan bly. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Joh. 1: 14, 29 – 34; Joh. 2:1-11, Joh. 20:30,31. Teks. Joh. 1: 14 en 33. Tema: "Christus laat ons in God se oorfloedige liefde deel en beëindig so alle selfreinigende liefde en –rituele vir God." Die oorfloedige wyn in reinigingskanne wys dat die gedoopte en veroordeelde Christus sondaars met die Heilige Gees doop. (Joh. 1:33) Die gedoopte Here is die Here wat in Joh. 20: 22 oor sy dissipels blaas en verklaar: "Ontvang die Heilige Gees." Wat beteken dit om van die gedoopte Jesus die Heilige Gees te ontvang? Johannes som dit in sy brief kort en bondig só op: "Die Een wat deur die water van sy doop en die bloed van sy dood na ons toe gekom het, is Jesus Christus, nie net deur die water nie, maar deur die water en die bloed. Die Gees is getuie daarvan, ... Daar is dus drie wat getuig: die Gees en die water en die bloed, en die drie se getuie stem ooreen. " (1 Joh. 5: 6- 8) Dit is die Gees wat ons insluit in die gedoopte, veroordeelde, gekruisigde Christus en so in God se volmaakte liefde laat deel. "Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee." (1 Joh. 4: 13); "En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in sy liefde bly, bly in God en God bly in hom. ... waar liefde is, is daar geen vrees nie, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het." (1 Joh. 4: 15 – 19) Dit is die vreugde van oorfloedige wyn en samesyn op die bruilof: om die volmaakte liefde van die Vader te ontvang deur die reiniging deur Christus. Dit is die gawe van die Gees wat Christus vir ons skenk deur sy doop en dood: nie goddelike lewe, kragte of magte nie, maar liefde waarin daar niks ontbreek nie, liefde wat nooit opgeskort word nie, liefde wat nooit terug gehou word nie, liefde wat nooit ophou nie, liefde wat nooit verander nie - liefde wat volmaak is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Joh. 1: 14, 29 – 34; Joh. 2:1-11, Joh. 20:30,31. Teks. Joh. 1: 14 en 33. Tema: "Christus laat ons in God se oorfloedige liefde deel en beëindig so alle selfreinigende liefde en –rituele vir God." Christus openbaar deur reinigingswater in wyn te verander dat Hy die Jode se hele selfreinigingsbedryf tot 'n einde bring. Hulle reageer dan deur hul land, gemeenskap en lewe van Jesus Christus te skoon te maak. Hulle finale selfreiniging was om hul land van die onreinheid van die lyk van Jesus te reinig: "31 Dit was Vrydag, en die Jode wou nie hê dat die liggame op die Sabbatdag aan die kruis moes bly nie, want daardie Sabbatdag was 'n groot dag. Daarom het hulle vir Pilatus gevra dat die mense wat gekruisig is, se bene gebreek en die liggame weggevat moes word." (Joh. 19:31) Hiermee het hulle finaal hulle hande gewas in die reinigingswater in die waterkanne, volgens die wet van Moses: "22 Wanneer iemand tereggestel word vir 'n oortreding wat die doodstraf verdien, en jy hang hom aan 'n paal op, 23 mag sy lyk nie die nag daaraan bly hang nie. Jy moet hom dieselfde dag nog begrawe, want wie opgehang word, is deur God vervloek. Jy mag nie die land wat deur die Here jou, hulle gemeenskap en land van God aan jou as besitting gegee is, verontreinig nie." (Deut.21:23) Hulle reinig hulle self van Christus sodat hulle kan aangaan met hulle selfreiniging. Die totale perversie van hierdie selfreinigingsoefeninge is hulle geregtelike moord van die Here: "28 Toe het hulle vir Jesus van Kajafas af na die ampswoning van die goewerneur toe gebring. Dit was die môre vroeg. Hulle het self nie in die ampswoning ingegaan nie, sodat

hulle nie onrein sou word nie maar die Paasmaaltyd sou kon eet.” (Joh. 18:28) Hulle het Jesus doodgemaak deur en om met hul selfreinigingsoefeninge volgens hul wet te kan voortgaan. (Joh. 19:7) Dis óf Christus (water wat in wyn verander is) óf reinigingswater (wat jou lewe skoonmaak van Christus) ! Christus is nie en/of bring nie nóg nuwe selfreinigingsoefeninge en - rituele nie. HY STOP DIT. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Joh. 1: 14, 29 – 34; Joh. 2:1-11, Joh. 20:30,31. Teks. Joh. 1: 14 en 33. Tema:

"Christus laat ons in God se oorvloedige liefde deel en beëindig so alle selfreinigende liefde en –rituele vir God." Christelike kerke is wêreldwyd in 'n drif vir 'n nuwe seremoniële geestelikheid, ook die NG Kerk. Geestelikes maak vir elke erediens nuwe rituele op: waterrituele, kersrituele, klere-rituele, kruisrituele, palmtakrituele, as-rituele, oliesalwing-rituele, loop-en bid rituele en rituele prosesies in kerkvergaderings en strate. Hierdie selfreinigingsrituele word tekens van nuwe selfreinigingsoefeninge wat geestelikes vir lidmate uitdink:

* Boere word opgeroep om hul plase op te gee vir die gierige gepeupel en met 'n ander nuwe lewe oor te begin as 'n selfreinigingsoefening van die sondes van die verlede; * die kerk roep lidmate op om vrywillige gemeenskapsdiens in "townships" te gaan doen as 'n selfreinigingsoefening om 'n nuwe nasie te wees en jou van jou eie gemeenskap te reinig

* Afrikaners word deur geestelikes opgeroep om hul taal, kultuur, skole en universiteitsopleiding op te gee as 'n selfreinigingsoefening van hul selfsugtigheid vir die missionaliteit van God.

Aan hierdie selfreinigingsoefeninge is daar geen einde nie: jy moet net al minder jouself wees en jouself aflê totdat van jou eie menslike persoon, eie wil, krag en lewe niks meer oor is nie. Wanneer jy jouself so totaal niks gemaak het nie, dan verklaar geestelikes het jy die lewe in God se Gees gevind – om menslik niks meer van jouself vir God te wees nie. Dit is alles soos die reinigingswater in Kana wat die Here kom stop het deur sý reiniging en gawe van volmaakte liefde - deur water in wyn te verander. Wie met selfreinigingsoefeninge besig is, maak hul lewe, gemeenskap en land skoon van dié Christus wat ons regtig reinig vir die volmaakte liefde van God. Seremoniële godsdiens maak ons Christusloos. Kersfees is deel van die bruilofsmaaltyd van die Lam. Dit is geen fees van selfreiniging nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.